

Die Jehovah-getuies se *New World Translation* - 'n Beoordeling

Dr. H.G. Stoker

Synopsis

This article evaluates the claim by the organisation of Jehovah's Witnesses that their translation of the Bible is the best existing translation, since it was not done from a certain religious tradition. It becomes clear that the translation does not comply with the guidelines for a tradition-free translation set by the translators themselves. These guidelines entail that it should be a modern understandable translation without archaisms; that it should be a correct translation, free of any dogmatic prejudice; that, for the sake of a pure translation, every important word should be given only one meaning and that two or more Greek words should not be translated with the same English word; that such a literal translation as possible should be done; that in the translation nothing should be added to or taken away from the Word of God. The translators of the New World Translation did not adhere to their own guidelines for translation in their version of the Bible, but they were bent on letting their own religious tradition speak through the translation. In addition, the translators were extremely poorly equipped for a translation of the Bible from the original languages.

1. Inleiding

Vir mense wat hulle leerstellings op die Woord van God baseer, is dit baie belangrik om so 'n korrek moontlike vertaling van die Bybel te gebruik. So 'n vertaling kan nie deur enigeen gedoen word nie, maar net deur werklike kenners van die grondtale. Aangesien die vertaling van die Bybel nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar telkens herhaal moet word om aan te pas by die veranderings in die taal waarin dit vertaal is/word, is dit noodsaaklik om verskillende vertalings te ondersoek en te beoordeel. Voortreflikhede, gebreke, en selfs gevare in die vertalings, moet uitgewys word sodat dit wat die Heilige Gees aan gelowiges openbaar in die Woord,

so goed moontlik deurgegee word. Met die oog hierop word in hierdie artikel aandag gegee aan die *New World Translation* van die Wagtoring-organisasie, beter bekend as die Jehovah-getuies.

Vir die eerste amper 80 jaar van sy bestaan het die Wagtoring-organisasie amptelike vertalings van die Bybel gebruik. In 1950 het dinge verander toe die organisasie die eerste keer 'n eie “vertaling” van die Nuwe Testament in Engels die lig laat sien het, naamlik die *New World Translation of the Christian Greek Scriptures* (WTBTS, 1950). Dit is later opgevolg met 'n Engelse vertaling van die volledige Bybel, die *New World Translation of the Holy Scriptures* (WTBTS, 1961a).

In die voorwoord tot die eerste uitgawe van die *New World Translation* (WTBTS, 1950:6) word beweer dat hierdie vertaling beter is as alle ander vertalings van die Bybel, want al die ander is gedoen vanuit 'n sekere godsdienstige tradisie, terwyl hierdie vertaling van die Wagtoring-organisasie met reg daarop kan aanspraak maak dat dit die gevaar van godsdienstige tradisionalisme ontsnap. Die vraag wat in hierdie artikel aangespreek word, is of hierdie aanspraak op 'n voortreflike vertaling van die Bybel geregverdig is.

Om die vraag te kan beantwoord of die *New World Translation* 'n goeie vertaling van die Bybel is, word eers gekyk na die riglyne waarvolgens die vertalers sê die vertaling gedoen is en of die vertaling aan hierdie selfgestelde riglyne voldoen. Daarna word gekyk na die kennis en kwalifikasies van die vertalers om vas te stel of hulle in staat was om 'n verantwoorde vertaling van die Bybel uit die grondteks te maak. So sal vasgestel word of die vertaling werklik poog om die grondteks korrek weer te gee. Die hipotese by die skryf van die artikel is dat die *New World Translation* nie aan die vereistes van 'n voortreflike vertaling voldoen nie.

2. Vertalingsriglyne vir die *New World Translation*

In die eerste uitgawe van die *New World Translation* (verder afgekort as *NWT*) word die volgende riglyne gegee waarvolgens die vertaling gedoen is (WTBTS, 1950:5-10, 771):

Die *eerste* riglyn vir die vertaling was dat dit in moderne verstaanbare Engels gedoen moes word (WTBTS, 1950:5). Omdat die Bybel oorspronklik geskryf is in die alledaagse taal wat die mense gepraat het, is in die vertaling weggedoen met die argaïese taal wat in ander vertalings voorkom (WTBTS, 1950:9).

Die *tweede* riglyn vir die vertaling was dat dit 'n juiste vertaling moes wees, vry van enige leerstellige vooroordeel (WTBTS, 1950:6-7). Daar

word dan gesê dat menslike, godsdienstige tradisionalisme in 'n mindere of meerdere mate 'n rol in alle ander vertalings speel. Hierdie vertaling is egter daarop gerig om vry van die misleidende invloed van godsdienstige tradisies (met hulle wortels in die heidendom) die suiwer waarheid van Gods Woord na vore te bring.

Die *derde* riglyn waarvolgens gewerk is, is dat daar ter wille van 'n suiwer vertaling aan elke belangrike woord net een betekenis gegee is waarby konstant gehou moes word in soverre die konteks dit sou toelaat (WTBTS, 1950:7, 9). Daarby is ook fyn daarop gelet dat twee of meer Griekse woorde nie deur dieselfde Engelse woord vertaal is nie. Daar is ook gelet op die tye waarin die werkwoorde staan, sodat die bedoelde beskrywing van die handeling, posisie of staat duidelik na vore kon kom (WTBTS, 1950:9-10).

Die *vierde* riglyn vir die vertaling was dat nie van parafrasering gebruik gemaak is nie, maar dat so 'n letterlike vertaling as moontlik gedoen is, in soverre die moderne Engelse idioom dit sou toelaat en 'n letterlike weergawe nie dit wat daar staan sou verduister nie (WTBTS, 1950:9). Dit hou in dat 'n woord-vir-woord-vertaling sover enigsins moontlik gedoen is, en dat selfs noukeurig gelet is op iets so kleins soos die gebruik van die bepaalde en die onbepaalde lidwoord.

Die *vyfde* riglyn is dat niks in die vertaling by Gods Woord gevoeg moes word nie (WTBTS, 1950:771) en niks daarvan weggeneem moes word deur dinge byvoorbeeld korter te probeer stel nie (WTBTS, 1950:9).

3. Die *New World Translation* getoets

3.1 *Inleidend*

Oor die algemeen kan gesê word dat die riglyne vir die vertaling van die Bybel soos hierbo uiteengesit, werkbare riglyne vir 'n goeie vertaling van die Bybel kan wees. Dat ander riglyne en wysigings aan bogenoemde riglyne ook goeie vertalings tot gevolg kan hê, hoef nie hier beredeneer te word nie. Die vraag wat aan die orde is, is of die organisasie self by hierdie gestelde riglyne vir 'n goeie vertaling van die Bybel hou. Om dit te beantwoord, word die *NWT* vervolgens getoets aan hierdie riglyne.

3.2 *'n Moderne verstaanbare vertaling?*

Die *NWT* volg die algemene tendens van vandag om die Bybel in 'n meer alledaagse gebruikstaal weer te gee. Countess (1987:77-80) wys wel daarop dat die *NWT* ter wille van hulle leerstelling dat Jesus 'n blote skepsel is, eerder die Griekse woord *monogenes* vertaal met “only

begotten” (“eniggebore”) as met die meer moderne en korrekte “only” (“enigste”). Die *NWT* (WTBTS, 1950:210, 217, 222) erken dan ook in voetnotas (by Luk. 7:12, 8:42, 9:38) dat *monogenes* ook met “only” vertaal kan word.

3.3 'n Juiste vertaling vry van vooroordeel?

3.3.1 “Jehovah” in die Nuwe Testament

Hoewel die vertalers van die *NWT* (1950:6-7) hulle ten doel gestel het om nie leerstellig bevooroordeel te wees nie – en juis ook alle ander vertalings daarvan beskuldig het – blyk dit dat hulle inderwaarheid daarop uit was om leerstellings van die organisasie in die Bybel in te vertaal. Die beste bewys daarvan is seker die 237 keer wat die vertaling die naam “Jehovah” in die Nuwe Testament ingevoeg het (WTBTS, 1985b:1138; 2002a:5-6; 2002b:15; 2002e:19-20). Hierby is die naam Jehovah ook 72 keer in voetnotas by Nuwe-Testamentiese gedeeltes gebruik.

Die *NWT* erken dat die naam “Jehovah” nêrens in die Griekse weergawe van die Nuwe Testament wat hulle vir hulle vertaling gebruik voorkom nie, maar verklaar dat hulle dit daar invoeg, omdat hulle aanneem dat dit oorspronklik daar moes gewees het. Omdat hulle nie 'n enkele bewys het vir hierdie aanname nie, word daarop gewys dat die Griekse vertalings van die Ou Testament, die Septuaginta en die Hexapla, die tetragrammaton (JHWH) uit die oorspronklike Hebreeuse teks net so behou het (WTBTS, 1950:10-16; 2002h:30).

Die probleem is egter steeds dat daar nie 'n enkele bewys is dat die woord Jehovah (oftewel Jahweh) ooit in die Nuwe Testamentiese geskrifte gebruik is nie. Selfs die oudste manuskripte of dele daarvan wat behoue gebly het, bevat dit nie. Die vertalers van die *NWT* se antwoord hierop is dat die tetragrammaton vanaf die derde eeu na Christus deur oorskrywers uit die teks gelaat is, waarskynlik as gevolg van anti-Semitisme (WTBTS, 1950:18). Daar word dan voorgegee dat vertalers nie anders kan as om “die goddelike naam” in hulle vertalings in ere te herstel nie (WTBTS, 1950:19).

Volgens die vertalers het hulle die naam “Jehovah” net in die teks geplaas waar direk uit Ou-Testamentiese gedeeltes waar die tetragrammaton voorkom aangehaal word (WTBTS, 1950:20; 2002c:5). Tog erken hulle dat hulle op twee plekke (Ef. 6:8, Kol. 3:13) die naam ingevoeg het, al is daar “no support or agreement from any of the Hebrew versions”. Die rede waarom die naam Jehovah 72 keer in voetnotas en nie in die teks self voorkom nie, is omdat die vertalers dit graag daar sou wou invoeg, maar

nie Ou-Testamentiese steun daarvoor kon vind nie (WTBTS, 1950:21).

Dit is ongelooflik dat in dieselfde voorwoord van die eerste uitgawe van die *NWT* eers gesê word dat hierdie werklik 'n vertaling vry van godsdienstige vooroordeel sal wees, en daarna vir die grootste deel van die voorwoord verduidelik word hoe die vertalers hulle deur hulle vooroordeel laat lei het om iets wat nie in die teks staan nie, maar wat hulle voel daar hoort, in te voeg. Vir die Jehovah-getuies is die naam Jehovah van kritieke belang (Stoker, 1995:155-161). Hulle siening dat 'n mens net 'n intieme verhouding met God kan hê en God net werklik aan ander kan verkondig as jy die naam *Jehovah* gebruik (WTBTS, 1985a:217), het veroorsaak dat die organisasie 'n eie weergawe van die Bybel moes uitgee wat sonder enige bewyse uit die oorspronklike teks, hierdie weergawe van God se Naam in die teks invertaal.

Die feit dat vertalings van die Ou Testament wel die tetragrammaton gebruik, is geen rede waarom aan die geïnspireerde Nuwe Testament verander moet of mag word nie. Daar word selfs erken dat dit in gevalle gedoen is (in voetnotas en direk in die teks) waar daar geen sogenaamde regverdiging uit die Ou Testament daarvoor bestaan nie.

3.3.2 *Jesus en die naam “Jehovah”*

'n Belangrike rede waarom die vertalers graag “Jehovah” in die Nuwe Testament wou invoeg, is waarskynlik die leerstelling van die organisasie dat Jesus nie Jehovah en dus ook nie almagtige God is nie (WTBTS, 1989:29). Bewyse hiervan kan gevind word daarin dat die vertalers hulle eie reël verbreek wanneer 'n gedeelte uit die Ou Testament wat die tetragrammaton bevat in die Nuwe Testament op Jesus van toepassing gemaak word. In 1 Petrus 2:3 herhaal Petrus die woorde van Psalm 34:9 (vs. 8 in die *NWT*). Hoewel Psalm 34 die tetragrammaton gebruik, “herstel” die *NWT* nie in hierdie geval die teks met “Jehovah” nie, omdat 1 Petrus 2:3 kennelik na die Here Jesus verwys (vgl. 1 Pet. 2:4).

Johannes 19:37 wat duidelik na die Here Jesus verwys, haal Sagaria 12:10 aan waar gesê word dat die een wat aan die woord is “deurboor” sal word. Dit is duidelik Jahweh wat die woord voer in laasgenoemde hoofstuk. Om weg te vertaal dat die een wat deurboor is Jesus is wat hier as die sprekende Jahweh aangedui word, het die *NWT* Sagaria 12:10 vertaal asof die Persoon aan die woord na iemand anders verwys wat deurboor sal word. Die Hebraeuse teks laat egter nie so 'n vertaling toe nie (vgl. Countess, 1987:37-39). Ter wille van hulle leerstelling (vgl. WTBTS, 2002a:5-6) dat Jesus nie Jehovah is nie (al beskryf die Bybel Hom as Jahweh (Stoker, 1995:263-265), het die *NWT*-vertalers hier aan die Bybel

verander. Daarmee maak hulle hulleself hier skuldig aan dit waarvan hulle ander vertalings beskuldig, naamlik leerstellige vooroordeel.

Filippense 2:10 sê dat elke knie in die Naam van Jesus sal buig. Die 1950-uitgawe van die *NWT* gee hierby 'n kruisverwysing na Jesaja 45:23 waar “Jehovah” aan die woord is en sê dat elke knie in Sy Naam sal buig. Hierdie kruisverwysing verskyn egter nie meer in latere uitgawes van die *NWT* nie, waarskynlik omdat besef is dat hierdie kruisverwysing toon dat Jesus “Jehovah” is.

3.3.3 *Jesus se Godwees:*

Net in die vorige vers van Filippense (Fil. 2:9) voeg die *NWT* die woord “ander” in, om klaarblyklik te beklemtoon dat Jesus se Naam ondergeskik aan die van Jehovah is. In plaas daarvan om dit weer te gee soos dit daar staan, naamlik dat Jesus 'n Naam het “wat bo elke naam is”, lees dit in die *NWT* (WTBTS, 1950:581) dat die Naam van Jesus “bo elke ander naam is”. Dat die *NWT*-vertalers besef dat dit nie so in die oorspronklike teks staan nie, blyk daaruit dat die woord “ander” in latere uitgawes wel behou is, maar tussen hakies geplaas is. Op 'n soortgelyke manier is die woord “ander” ook vier keer by Kolossense 1:16-17 ingevoeg om die betekenis van die verse oor die ongeskapeheid van Jesus radikaal te verander (Stoker, 1995:273).

Daar is baie ander voorbeelde van leerstellige vooroordeel wat duidelik in die *NWT* te sien is. Daar is byvoorbeeld verskeie veranderings gemaak aan tekste wat oor die Here Jesus gaan om 'n ander voorstelling as die Bybel te gee oor Wie Hy werklik is. Vir dié doel is allerhande leerstellige redenasies ingespan.

So staan daar byvoorbeeld in Handeling 20:28 dat God die gemeente “deur sy eie bloed verkry het”. Die *NWT* voeg dan die woord “Seun” tussen hakies by om daardeur te impliseer dat God nie deur Sy eie bloed die gemeente verkry het soos wat daar gesê word nie, en dat Jesus hier nie God genoem word nie. In 'n voetnoot by hierdie vers verwys die 1950-uitgawe van die *NWT* na die behandeling van hierdie vers in die bylae. In die bylae (WTBTS, 1950:777-778) word erken dat daar letterlik staan dat die Here die gemeente met Sy eie bloed gekoop het, maar omdat dit so “'n moeilike gedagte vir baie” is, het die *NWT* die woord “Seun” bygevoeg. Dit toon hoe ver die *NWT* van 'n onbevooroordeelde vertaling is met sulke leerstellige argumente en menslike redenasies om aan die Bybel te verander.

2 Petrus 1:1 en 11 beskryf die Here Jesus met dieselfde grammatiese konstruksie as “ons God en Verlosser Jesus Christus” en “ons Here en

Verlosser Jesus Christus”. Die leerstellings van die Jehovah-getuies laat toe dat daar na die Here Jesus as “Here” verwys word. Daarom word die vertaling van “ons Here en Verlosser Jesus Christus” in vers 11 net so gehou. Die organisasie verwys egter nie graag na Jesus as God nie (Stoker, 1995:278-292). Daarom word die woord “die” in vers 1 in die *NWT* ingevoeg om dit te laat klink asof Jesus net die Verlosser, maar nie God is nie: “ons God en die Verlosser Jesus Christus”. In die 1950- uitgawe is dit net so weergegee. Latere uitgawes erken egter dat die “die” nie daar hoort nie, deurdat dit tussen hakies geplaas word. Die verkeerde weergawe van die teks word egter steeds daardeur as die korrekte voorgelou om die leerstellings van die organisasie te dien.

3.3.4 Die Heilige Gees

Omdat die Jehovah-getuies Jesus nie as waarlik God beskou nie, word na Hom in Johannes 1:1 as “god” met ’n kleinletter verwys (Stoker, 1995:278-281). Na die Heilige Gees word deurgaans met kleinletters verwys, aangesien die leerstellings van die Jehovah-getuies verkondig dat Hy nie ’n Persoon of God is nie (WTBTS, 1985a:145; 2002f:5-6). Kleinletters word selfs vir die Heilige Gees in gedeeltes soos Matteus 28:19 en 1 Korintiërs 12:4-6 gebruik waar op gelyke wyse van Vader, Seun en Heilige Gees, of Gees, Here en God, gepraat word (WTBTS, 2002d:11).

Een van die argumente wat die organisasie gebruik om te bewys dat die Heilige Gees nie ’n Persoon is nie, is dat Hy gelyktydig in verskillende mense kan wees (WTBTS, 1982:41). Hierdie “bewys” teen die Persoonwees van die Heilige Gees word sonder skroom deur die *NWT* in die Bybel invertaal, byvoorbeeld in Romeine 8:9-11. In die verse word met presies dieselfde woorde gesê dat die Heilige Gees “in julle” is, as dat Christus “in julle” is. *The Kingdom Interlinear Translation* (in die vervolg *KIT*) gee wel telkens in die direkte weergawe van die Grieks die vertaling as “in you” (WTBTS, 1985b:697). Die *NWT* vertaal dit egter as “in you” wanneer oor die Heilige Gees gepraat word, maar as “in union with you” wanneer daar gepraat word van die Here Jesus wat hulle as Persoon erken (vgl. ook 2 Kor. 13:5). So probeer die organisasie hulle leerstelling dat die Heilige Gees nie ’n Persoon of God is nie, met hulle vertaling indra in die Bybel.

Daar word ook op ander wyses in die *NWT* gepoog om as gevolg van die leerstelling van die Jehovah-getuies oor die Heilige Gees, Hom as ’n blote krag voor te stel. In 2 Korintiërs 13:14 staan letterlik vertaal: “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van die God en die gemeenskap

van die Heilige Gees (is) met almal van julle.” Behalwe vir “onverdiende goedheid” in plaas van “genade” en “deelname” in plaas van “gemeenskap” is dit ook hoe die *KIT* hierdie vers woordeliks weergee. Die *NWT* vertaal dit soos die *KIT* dit weergee, behalwe in die geval van die Heilige Gees waar nie van die gemeenskap of deelname van die Heilige Gees gepraat word nie (anders as by die ander twee Persone), maar wel van die deelname *in* die Heilige Gees.

Die Jehovah-getuies gee voor dat hulle vertaling van die Bybel ’n suiwer vertaling vry van enige leerstellige vooroordeel is (WTBTS, 1950:6-7). Daar word selfs gesê dat hierdie vertaling nodig geword het vanweë die feit dat alle ander vertalings vol sektariese tradisies en wêreldse filosofieë was (WTBTS, 1961b:323). Bogenoemde voorbeelde wys egter duidelik dat die vertalers van die *NWT* die lesers in hierdie opsig ’n rat voor die oë probeer draai, aangesien die *NWT* onmiskenbaar vertaal is om die leer van die Jehovah-getuies te dien.

3.4 Een woord een betekenis?

Ook aan die derde riglyn hierbo beskryf, naamlik dat aan een woord een betekenis gegee word en dat fyn gelet word op die tye waarin werkwoorde staan, is die *NWT* geensins getrou nie. Hierbo is na die gemeenskap (*koinonia*) van die Heilige Gees verwys. Hierdie Griekse woord word op verskeie maniere deur die *NWT* vertaal. As net na die briewe aan die gemeente van Korinte gekyk word, word *koinonia* in die 1950-*NWT* vertaal as “partnership” (1 Kor. 1:9), “sharing” (1 Kor. 10:16, 2 Kor. 13:14), “fellowship” (2 Kor. 6:14), “share” (2 Kor. 8:4) en “contribution” (2 Kor. 9:13).

Dat die vertalers nie by hulle reël van een vertaling vir elke Griekse woord gehou het nie, blyk duidelik uit hulle vertalings van *kolasis* (s.nw.) en *kolazein* (ww.) wat vandag steeds in hulle vertaling voorkom. Die selfstandige naamwoord word in 1 Johannes 4:18 met “restraint” vertaal, en in ’n voetnoot word “checking”, “correction” en “punishment” as alternatiewe gegee. Omdat die Jehovah-getuies nie glo dat ’n mens ewig in die hel gestraf word nie (WTBTS, 1982:81-89; 2002g:7), is *kolasis* in Matteus 25:46 vertaal met “everlasting cutting-off”. Dieselfde tendens word ten opsigte van die werkwoord gevind waar dit in Handeling 4:21 as “to punish” vertaal word, maar in 2 Petrus 2:9 as “to be cut off” met die voetnoot “or, be checked”. J.R. Mantey (1974:2), ’n kenner van Grieks wat self as sodanig deur die Jehovah-getuies erken word (vgl. pt. 4), wys egter in ’n brief aan die Wagtoring-organisasie daarop dat *kolasis* net “straf” beteken en beslis nie “cutting off” nie.

Kolossense 2:9 is 'n sterk teks om te bewys dat Jesus tegelykertyd God en mens is. Daar staan dat in Jesus “al die volheid van die Godheid liggaamlik (woon)”. Die *NWT* vertaal egter nie *theotês* met “Godheid” nie, maar met “divine quality”. Die *KIT* vertaal dit wel met “divinity”. 'n Wisselvorm, *theiotês*, kom in Romeine 1:20 voor. Liddell en Scott (1976:313, 315) gee beide vorme se betekenis aan as “divinity, divine nature”. Die *NWT* vertaal dit egter in Romeine 1:20 met “Godship”. Behalwe dat dieselfde vertaling nie gebruik is nie, is “Godship” (of selfs “divinity”) 'n sterker beklemtoning van Godwees as “divine quality”. Hier is die reël van een betekenis dus nie toegepas nie, waarskynlik omdat dit nie die leerstellings van die vertalers pas nie.

Wat die korrekte weergawe van werkwoorde betref, is dit opvallend hoe die vertalers die “Ek is”-uitsprake van Jesus (wat direk verband hou met die uitspraak van Jahweh in Eksodus 3:14 en Jesaja 42 & 43 (vgl. Stoker, 1995:263-265) weergee. Die Griekse woorde *Ego eimi* is in die teenwoordige tyd en moet dus met “Ek is” vertaal word. So vertaal die *NWT* dit dan ook in Johannes 8:24 en 28 en Johannes 18:5 en 6. In Johannes 8:58 word dit egter vertaal met “I have been”. Die *KIT* (WTBTS, 1985b:1145-1146) verklaar hierdie verandering in die tyd van die werkwoord deur eers te erken dat dit in die praesens indikatief staan, maar dan tog te sê dat dit in hierdie geval as perfektum indikatief vertaal moet word, omdat Jesus se bestaan iets is wat in die verlede begin het en steeds voortgaan.

3.5 'n Letterlike woord-vir-woord-vertaling?

Oor die algemeen gesien is die *NWT* wel gerig daarop om aan die vierde riglyn te voldoen en die oorspronklike teks van die Bybel taamlik direk weer te gee. Tog is hierop ook uitsonderings, soos byvoorbeeld dat in Handeling 19:31 *Asiargoön*, wat as “Asiatiese leiers” vertaal behoort te word (vgl. Liddell & Scott, 1976:108), met “the commissioners of festivals and games” vertaal is.

Wat egter hier van meer belang is, is die stelling dat die *NWT* selfs in sogenaamde klein dingetjies soos die gebruik van die bepaalde of onbepaalde lidwoord, baie noukeurig handel. Dit word natuurlik gesê om te verduidelik waarom hulle Jesus as “'n god” in Johannes 1:1 beskryf, waardeer hulle hulle onbybelse siening van 'n veelgodedom kan handhaaf (WTBTS, 1989:28). Die rede wat aangevoer word dat Jesus net “'n god” met 'n kleinletter is, is dat die bepaalde lidwoord “die” nie voor “God” in Johannes 1:1 staan wanneer dit na Jesus verwys nie (WTBTS, 1985b:1139-1140).

Die rede waarom dit grammatikaal nie korrek sou wees om in die Grieks die bepaalde lidwoord voor “God” te plaas nie, word breedvoerig deur Countess (1987:45-54) bespreek. Met verskeie voorbeelde uit die Nuwe Testament word bewys dat ’n “definite predicate nominative has the article when it follows the verb; it does not have the article when it precedes the verb” (Countess, 1987:49). Dit beteken dat as in Johannes 1:1 gestaan het “en die Woord was God” daar waarskynlik in die Grieks sou staan “en die Woord was die God”. Die sin is egter ter wille van beklemtoning omgedraai - “en God was die Woord”. Deur die bepaalde lidwoord net voor “Woord” te gebruik word aangedui dat hier bedoel word dat dit “die Woord” is wat as “God” beskryf word.

Wat opvallend is, is dat die *NWT* glad nie konsekwent is met hulle sogenaamde reël om *Theos* met “’n god” te vertaal wanneer daar nie ’n bepaalde lidwoord voor die woord is nie. Countess (1987:105-131) het 27 bladsye tabelle van al die plekke waar “Theos” in die Nuwe Testament met en sonder die bepaalde lidwoord “die” voorkom, asook die *NWT* se vertaling daarvan. Van die 282 keer wat “Theos” sonder die bepaalde lidwoord voorkom, volg die vertalers van die *NWT* net 16 keer hulle eie reël om dit as ’n kleinletter “god” weer te gee. In 94 persent van die gevalle kom die *NWT* dus hulle eie reël wat hulle geskep het om te probeer bewys dat die Here Jesus nie dié ware en almagtige God is nie, nie na nie. Die 16 keer verskil boonop nog onderling in die sin dat *Theos* as “god”, “a god”, “gods” of “godly” vertaal word. In Johannes 20:28 word die Here Jesus in die Grieks as “die God” beskryf – dit wil sê die bepaalde lidwoord word daar voor God geplaas in die Grieks. Die vertalers van die *NWT* het geen ander keuse gehad nie as om *Theos* daar wel met “God” (hoofletter) te vertaal.

Die lukraak manier waarop die *NWT* in die algemeen met lidwoorde omgaan, strydig met hulle eie riglyn dat hulle noukeurig op lidwoorde let, blyk baie duidelik uit hulle vertaling van Hebreërs 12:22-24. In die drie verse kom die bepaalde lidwoord net een keer in die Grieks voor (vgl. WTBS, 1985b:986-987). Die *NWT* (WTBS, 1984:1502) verwys in hulle vertaling van hierdie gedeelte slegs drie keer na iets met die onbepaalde lidwoord *’n*, maar sewe keer na dinge met *die* (waarvan net een *die* tussen hakies geplaas is).

Dit is dus duidelik dat die vertalers net by hulle eie reëls vir noukeurige vertaling hou wanneer dit hulle leerstellings pas. Hulle reël ten opsigte van die vertaling van “god” (kleinletter) wat in verreweg die meeste gevalle nie nagekom word nie, wys hulle leerstellige vooroordeel duidelik uit. Dit maak die *NWT* ’n onbetroubare vertaling, gevaarlik om in Skrifstudie te gebruik.

3.6 Niks by die Bybel voeg of wegneem nie?

Daar is reeds gewys op die 237 keer wat die naam “Jehovah” in die teks van die *NWT* ingevoeg is, asook die 72 keer wat hierdie naam in voetnotas by die Nuwe-Testamentiese deel voorkom (vgl. 3.3). Ook ander invoegings by die Bybel is reeds beskryf, byvoorbeeld die invoeging van “Seun” in Handeling 20:28 om voor te gee dat God ons nie deur Sy eie bloed verlos het soos wat die Bybel sê nie (vgl. 3.3), en die invoeging van die bepaalde lidwoord “die” in 2 Petrus 1:1 om voor te gee dat Jesus nie God is nie (vgl. 3.3).

Waarskynlik om hulle leerstelling oor lewe na die dood (vgl. WTBS, 1982:76-89; 2002a:6; 2002g:5-8) in die Bybel in te vertaal, voeg die *NWT* in Hebreërs 9:27 die woorde “for all time” in wat nie in die oorspronklike staan nie. Hebreërs 9:27 lui: “En net soos mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel.” Die *NWT* vertaal dit: “And as it is reserved for men to die once for all time, but after this a judgement.”

Die Jehovah-getuies leer dat die Here Jesus ’n geskape wese is. Die leer word op verskeie plekke in die Bybel weerspreek (vgl. Stoker. 1995:266-274), onder andere in Kolossense 1:16-17 waar staan dat in die Here Jesus “alle dinge geskape” is, “alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape”, “Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand”. Die *NWT* het egter tussen “alle” en “dinge” telkens die woord “ander” ingevoeg (in die 1950-vertaling selfs sonder die hakies wat wys dit is ’n invoeging) om dit wat die Bybel sê radikaal te verander. Deur hierdie vier invoegings in twee verse, word voorgegee dat die Here Jesus ’n skepsel is en nie die ongeskape Skepper van alles soos die Bybel daar leer nie.

Dit is dus duidelik dat die vertalers van die Wagtoring-organisasie nie skroom om dinge by die Bybel te voeg, al gee hulle in ’n baie sterk bewoorde uitspraak voor om dit nie te doen nie: “We refuse to add anything to God’s written Word...” (WTBS, 1950:771).

3.7 Gevolgtrekking

Die vertalers van die *NWT* kom duidelik nie hulle eie vertalingsriglyne in hulle weergawe van die Bybel na nie. Deur voor te gee dat hulle dit wel doen en boonop ander vertalings te beskuldig van dit waaraan hulle self skuldig is, mislei die vertalers die lesers blatant. Dit is duidelik dat die doel met die *NWT* was om die leerstellings van die Wagtoring-organisasie te bevorder en nie om die Bybel so eerlik moontlik te vertaal nie.

4. Kenners se siening van die *New World Translation*

Die Jehovah-getuies haal in hulle publikasies graag kenners op die gebied van die grondtale van die Bybel aan om daardeur voor te gee dat hierdie kenners hulle twyfelagtige vertalings steun. Die teendeel blyk egter waar te wees.

In die 1950-uitgawe van die *NWT* (WTBTS, 1950:774) word 'n werk deur Dana en Mantey aangehaal wat sogenaamd die vertaling van “'n god” in Johannes 1:1 in die *NWT* steun. In 'n brief gedateer 11/07/1974 en gerig aan die *Watchtower Bible and Tract Society* ontken Mantey ten sterkste dat hulle die vertaling van die *NWT* steun: “But we made no statement in this paragraph about the predicate except that, ‘as it stands the other persons of the trinity may be implied in theos.’ And isn’t that the opposite of what your translation ‘a god’ infers? You quoted me out of context” (Mantey, 1974:1).

Mantey (1974:1-2) gaan dan verder en wys daarop dat twee ander kenners van die grondtale wat ook deur die Wagtoring-organisasie aangehaal word om hulle vertaling van “'n god” in Johannes 1:1 te onderskryf, Colwell en Harner (WTBTS, 1985b:1140), ook buite konteks aangehaal word: “Both Colwell and Harner have stated that *theos* in John 1:1 is not indefinite and should not be translated ‘a god’.”

Die Wagtoring van 15/03/1982 (p. 23) haal twee kenners aan wat klaarblyklik die *NWT* as 'n goeie vertaling beskou, naamlik Edgar Goodspeed en A. Thompson. Volgens *Die Wagtoring* sou Goodspeed in 'n brief aan 'n Jehovah-getuie gesê het dat hy baie tevrede is met die *NWT*. W.I. Cetnar, 'n Jehovah-getuie wat in die hoofkwartier van die organisasie in New York gewerk het in die tyd toe die *NWT* tot stand gekom het, is in Maart 1954 gestuur om 'n onderhoud met doktor Goodspeed oor die *NWT* te voer. Cetnar (Cetnar & Cetnar, 1983:58) skryf dat Goodspeed die vertaling goed geken het en uit sy kop die gedeeltes kon aanhaal waarmee hy nie saamgestem het nie. Op die vraag of hy die *NWT* kon aanbeveel vir die algemene publiek, was Goodspeed se antwoord: “No, I’m afraid I could not do that. The grammar is regrettable. Be careful on the grammar. Be sure you have that right.”

Die ander “kenner” wat die *Wagtoring* aanhaal en beskryf as “Hebrew and Greek scholar A. Thompson”, sien volgens *Die Wagtoring* die *NWT* as 'n eerlike en reguit vertaling van die Bybel in moderne Engels. Ander publikasies van die Wagtoring-organisasie (WTBTS, 1961b:325) haal ook vir Thompson aan as dat hy met groot lof van die *NWT* gepraat het. Croft (1988:1-2) wys egter daarop dat Thompson geen kenner van die grondtale

van die Bybel is soos beweer word nie. Hy het geen formele opleiding in Grieks of Hebreeus ontvang nie, het vir 'n bank in Skotland gewerk, het nie geglo dat Jesus God is nie, maar het geglo dat alle mense salig word. Thompson se mening is dus geensins dié van 'n kenner van Bybelvertaling nie.

Daar is heelwat wetenskaplikes wat die *NWT* bestudeer het en gewaarsku het dat dit 'n baie swak vertaling is (vgl. Croft, 1988:9). Een so 'n persoon is professor E.C. Gruss wat nadat hy die *NWT* breedvoerig bespreek het tot die volgende gevolgtrekking kom: "... although outwardly scholarly, is plainly in many cases, just the opposite. Its purpose is to bring the errors of the Witnesses into the Word of God. This translation carries no authority except to its originators and their faithful followers, and should be rejected as a perversion of the Word of God" (Gruss, 1970:211).

5. Die vertalingskomitee

Uit wat reeds gesê is, is dit duidelik dat die vertalers van die *NWT* voorgee dat die *NWT* volgens goeie riglyne vertaal is, maar dat hulle hulle geensins daarby gehou het nie. Wetenskaplikes wat aangehaal word ter ondersteuning van hulle vertalings steun dit ook nie en spreek hulle selfs in sommige gevalle baie sterk uit teen hierdie vertaling van die Bybel. Die vraag is nou of die vertalingskomitee wel uit bevoegde manne bestaan het om so 'n belangrike taak soos die vertaling van die Bybel uit te voer. Die Wagtoring-organisasie het nog nooit die name van die vertalers bekend gemaak nie, omdat dit glo versoek is deur die vertalers dat dit selfs nie eens na hulle dood moet gebeur nie (WTBTS, 1959:258).

Die werklike rede waarom die name van die vertalers nie deur die Wagtoring-organisasie bekend gemaak is nie, is na alle waarskynlikheid omdat daar geen kenner van die grondtale van die Bybel onder hulle was nie. Cetnar (Cetnar & Cetnar, 1983:57) weet dat die vyf manne wat vir die vertaling byeengekom het N.H. Knorr, F.W. Franz, A.D. Schroeder, G.D. Gangas en M. Henschel was. Dat die eerste vier genoemdes lede van die vertalingskomitee was, word bevestig deur Raymond Franz (1991:50), 'n man wat self lid van die bestuursliggaam van die Jehovah-getuies was. Volgens Franz was F.W. Franz die hoofvertaler. Hy was die enigste een van die vertalers wat formele onderrig in Grieks gehad het (hoewel net vir twee jaar). Nie een van die vertalers het enige formele onderrig in Hebreeus gehad nie.

Dit is dus duidelik dat die vertalers van die *NWT* uiters swak onderlê was vir die vertaling van die Bybel uit die grondtale. Dit bevestig weereens dat hierdie vertaling van die Bybel onderneem is om die leerstellings van die

Jehovah-getuies te dien, en nie om die Bybel eerlik aan die woord te stel nie.

6. Gevolgtrekking

Die *NWT* is nie 'n goeie vertaling van die Bybel nie. Die vertalingskomitee se kennis van die grondtale was onvoldoende, hulle het hulle nie aan hulle eie vertalingsriglyne gehou nie, en hulle het ook nie kenners buite die organisasie wat hulle vertaling steun nie.

Bibliografie

- CETNAR, W.I. & CETNAR, J. 1983. Questions for Jehovah's Witnesses. Kunkletown.
- COUNTESS, R.H. 1987. The Jehovah's Witnesses New Testament. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- CROFT, I. 1988. The New World Translation of the Holy Scriptures: Does it Really Have the Support of Greek Scholars? *Bethel Ministries*. 7(5):1-11, Sept./Oct.
- FRANZ, R. 1991. Crisis of Conscience. Atlanta: Commentary Press.
- GRUSS, E.C. 1970. Apostles of Denial. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- LIDDELL & SCOTT. 1976. A Lexicon Abridge from Liddell and Scott's Greek-English Lexicon. Oxford: Clarendon Press.
- MANTEY, J.R. 1974. Brief aan die Watchtower Bible and Tract Society. 11 Julie. New Port Richey.
- STOKER, HG. 1995. Die Jehovah-Getuies: 'n Onchristelike Kulte? Potchefstroom: PU vir CHO.
- WTBTS. Kyk: WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1950. New World Translation of the Christian Greek Scriptures. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1959. Jehovah's Witnesses in the Divine Purpose. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1961a. New World Translation of the Holy Scriptures. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1961b. All Scriptures is Inspired by God and Beneficial. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1982. Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1984. New World Translation of the Holy Scriptures. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1985a. Redenering uit die Skrif. Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1985b. The Kingdom Interlinear Translation of the Greek Scriptures. Brooklyn.

- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1989. Moet jy aan die Drie-eenheid glo? Brooklyn.
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002a. Vertrou op Jehovah: Die God wat werklik bestaan. *Die Wagtoring*. 123(2):5-7, Jan.15
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002b. Jehovah – Die voortreflikste voorbeeld van goedheid. *Die Wagtoring*. 123(2):10-15, Jan.15
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002c. Soek God met jou hart en verstand. *Die Wagtoring*. 123(7):4-7, Apr.1
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002d. Waarom moet jy gedoop word? *Die Wagtoring*. 123(7):10-15, Apr.1
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002e. Hou aan om Jehovah met 'n standvastige hart te dien. *Die Wagtoring*. 123(7):15-20, Apr.1
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002f. Wie is God? *Die Wagtoring*. 123(10): 4-7, Mei15
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002g. Mites oor die dood van naderby beskou. *Die Wagtoring*. 123(11):5-8, Jun.1
- WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 2002h. Die Tetragrammaton in die Septuagint. *Die Wagtoring*. 123(11):30, Jun.1